

Ontroue vrou, getroue man			Die hofsaak: Ontroue volk, getroue God			
Profetiese huwelik	Gomer vs. Israel	Herstel van Gomer	Geestelike ontrou	Geen berou	Oordeel	Herstel & hoop
1:1-2:1	2:2-:2:22	3:1-3:5	4:1-6:3	6:4-8:14	9:1-11:1	11:1-14:9
Profeteer 40 jaar in die tyd van Jerobeam II, Peka, Hosea (koning) in Noordelike ryk en Ussia, Jotam, Agas, Hiskia in Suidelike ryk						

Dag	Dag se brood	Meer heuning
Ma	Hos 1	Amos 1
Di	Hos 2	Amos 2
Wo	Hos 3	Amos 3-4
Do	Hos 6	Amos 5-6
Vry	Hos 9	Amos 7
Sat	Hos 11	Amos 8
Son	Hos 14	Amos 9

Hosea was die profeet wat God se liefde verkondig het. Sy vergewensgesindheid teenoor sy eie ontroue vrou het God se liefde vir die afvallige en ontroue Israel uitgewys. Hierin word God se liefde vir Sy volk ten spyte van hulle opstandigheid en ontrou gesien.

Die boek begin met 'n vreemde opdrag van God: *"Gaan trou met 'n prostituut wat buite egtelike kinders het"* (Hosea 1:2). Die eerste drie hoofstukke van Hosea vertel van Hosea se mislukte huwelik. Gomer was Hosea se "verlore vrou". Sy drie kinders se name dien ook as waarskuwing aan Israel "Om te verstrooi", "Sonder-ontferming", "Nie-My-volk-nie." Sy vrou het telkens voor die versoeking geswig en het haarself in sonde verkoop. Later het sy haar man en kinders verlaat. Uiteindelik is sy in die slawemark te koop aangebied.

Die profeet se liefde vir haar het nie verflou nie en koop haar uit haar slawediens los en bring haar terug na sy huis.

Van hoofstuk 4 van die boek verander Hosea se toon heeltemal. Hy kondig aan dat God 'n regsgeeding teen die volk het. Een vir een noem hy die beskuldigings op. God het Hom aan hulle onttrek as gevolg van hierdie redes. Hy voorspel die val van Samaria, die oordeel oor Juda en ook die herstel van die volk en die land.

Hoe ongelooflik bly dit egter dat God steeds 'n belofte van genade gee ten spyte van die volk se volgehoue sonde – wat 'n God!

Hoe kan Ek jou vernietig... Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk. (Hos 11:8)

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Die ontroue vrou (Hos 1-3).

Gaan trou met 'n prostituut
al het Ek dit streng verbied.
Die land is besig om te hoereer,
Ja, heeltemal ontrou aan die Heer.

Selvs Hosea se kinders se naam
het die volk gewys op hul blaam.

Sy is nie meer my vrou -
sy is te veel keer ontrou.
Ek maak haar soos woestyn,
sy sal omkom van dors en pyn!

Tog sal Ek weer begin om haar die hof te maak
en weer van voor af vir haar lief kan raak.

Die hofsaak: ontroue volk (Hos 4-14).

Israeliete, die Heer se woord wil vermaan
want Hy kla die land se inwoners aan:
Omdat trou, liefde en toewyding verbleek
en die wil van God in die land ontbreek,
is dit vol vervloeking, valsheid en moord,
ja, diefstal en egbreuk só ongehoord.

Onskuldige bloed aan die orde van die dag.
Ja, dit is God, die Regter, se klag.

Hulle weet goed wat is reg.
Ek gaan na my woonplek weg
totdat hulle hulle skuld bely
en vra na die wil van My.

My straf sal kom so seker soos die dag,
eerder as offers het ek liefde verwag.
Maar Efraim, hoe kan ek jou laat vaar
hoe kan my liefde vir jou bedaar?

Al is jou lewe so benard,
Ek kry dit nie oor my hart.
My liefde brand te sterk,
al ken Ek jou slegte werk.

Gloeiende toorn is nie my wens,
want Ek is God en nie 'n mens!

Besef jy, jý is net so ontrou
maar God se liefde brand vir jou?

Agt profesië	Drie preke	Vyf visioene	Vyf beloftes
Teen ander nasies	Teen die Noordelike ryk, Israel		
1:1-2:16	3:1-6:14	7:1-9:10	9:11-9:15
Amos 'n onopgeleide boerprofeet ongeveer 760 vC, vir net 'n paar maande			

<p>Die Noordelike koninkryk sou minder as veertig jaar later tot 'n val kom, maar gedurende hierdie tyd het hulle die grootste voorspoed in die geskiedenis ervaar. Jerobeam II het baie grondgebied herwin en het groot aansien verky. Die rykes het somer en winterhuise met ivoorpanele gebou en weelderig gelewe. Die armes is uitgebuit en afgodediens en korrupsie was aan die orde van die dag.</p>	<p>In die eerste twee hoofstukke spreek Amos oordele uit oor al die buurvolke rondom Israel. Israel moes seker hulle net begin verlekter, maar die hoogtepunt van sy oordele kom egter gou hierna – die oordeel oor Israel self.</p> <p>In hoofstuk 3 tot 6 gee Amos drie preke. In sy oordeel spreek hy staatsake en godsdienstige leiers aan. Hy beklemtoon dat die uiterlike rituele nie die oordele van God sal afwend nie. Toe hy besef dat niemand hom aan sy oproep tot geregtigheid steur nie, spreek Amos die oordeel van God oor hulle uit, Hy waarsku dat hulle in ballingskap weggevoer sou word.</p>	<p>Hy stel die oordeel van die volk in vyf visioene voor. Die eerste drie is 'n sprinkaanplaag, 'n vuur, 'n skietlood in die Here se hand waarmee hy die volk se geestelike gebou gemeet het. Die vierde is 'n mandjie met oorryp somervrugte net reg om gepluk te word wat verwys na die verrottheid van die volk wat die Woord verwerp het – gereed vir oordeel. In die laaste visioen word die altaar op die bevel van God self vernietig – die onvermydelike oordeel word beskryf.</p> <p>Selfs na die waarskuwings het die volk steeds voortgegaan met hulle sondige lewe.</p>	<p>Na nege en 'n half hoofstukke van oordeelsprofesie, sluit Amos sy boek af met vyf hoopvolle beloftes van herstel van die Dawidslyn, die land, en die mense. Hoofstuk 9 bevat een van die grootste profesieë van die herstel van Israel in die Bybel. Die Abraham en Dawidse verbonde word gefokus in hul vervulling in die koms van die Messias.</p>
--	---	---	---

Ek het net vir julle uitgekies uit al die volke van die aarde, daarom sal Ek julle straf oor al julle sondes. (Amos 3:2)

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Amos

Amos, die eenvoudige herder val in die pad
God het hom gestuur na die sondige stad...

God gaan straf (Amos 1-3).

Ek gaan hul strooi soos kaf
Ja, verseker gaan Ek straf!

Hule verkoop onskuldiges kaal,
arm mense vir 'n paar sandaal.
hulle trap en gooi swakkes neer
en veronreg dié wat nie kan keer.

Pa en seun kuier by dieselfde vrou.
Waar is my heilige Naam dan nou?
Langs elke altaar strek hulle uit
op klere wat hul pand en buit.
In die tempel drink hul wyn
ingesamel uit ander se pyn.

Amos, die boerprofeet, spreek oordeel uit (Amos 4).

Ek stuur hongersnood,
julle was sonder brood.
Maar so, sê die Heer:
Julle het julle nie bekeer!

Ek het dit nie laat reën
en jul nie met 'n oes geseën.
Maar so, sê die Heer:
Julle het julle nie bekeer!

Ek het brandkoring gestuur
en jul moes sprinkane verduur.
Maar so, sê die Heer:
Julle het julle nie bekeer!

Ek het die vyand gestuur te perd.
Julle lewens was niks meer werd.
Maar so, sê die Heer:
Julle het julle nie bekeer!

Ek het jul soos hout geruk,
ja, uit die vuur gepluk.
Maar so, sê die Heer:
Julle het julle nie bekeer!

Vol van hierdie pyn,
sal jy voor My verskyn.
Jy moet nog leer
wie is die Heer:

Hy wat berge vorm en die wind maak,
Hy deur wie gedagtes bekend raak,
Hy wat die dagbreek donker maak,
Hy wat alles bekragtig,
sy Naam is Here, almagtig!

Wat God eintlik wil hê (Amos 5-8)?

As julle nou voor My begin bewe
en vra na My wil, sal julle lewe!

Ek verafsku julle fees,
al bring julle My 'n bees.
Ek verafsku jul gesing
en die valsheid wat jul bring.

Verander jul bouse weg
en lewe eerder reg!

Hoopvolle beloftes (Amos 9).

Ek sal Dawid se vervalte hut
se murasies bou en beskut.
Sodra hul My weer onthou,
sal ek hul stede herbou.

Ek en jy?

Ook vir my en jou is die boodskap hier:
Godsdiens is nie 'n gewoonte of kultuur.
Hou op om jouself met tradisie te verkul.
Ware godsdiens is 'n soeke na Sý wil!